Droom Nuusbrief no 6

Ons het teen einde November eers opgehou met Droom projekte tot die lente van 2013. Die doel daarvan is om volhoubaarheid van die Droom te verseker. 'n Lang uitgerekte en aanhoudende proses het die slegte gewoonte om stoom te verloor en uiteindelik tot stilstand te kom. Daar is egter inwoners wat met projekte anders as die aanplant van nuwe bome ens wil voorgaan en natuurlik geniet hulle ons volle ondersteuning.

Die begrafplaas oorkant St Alban skool was vir ons almal 'n oogseer. Die gras was met tye so lank dat leerders daarin kon skuil wanneer die skooldag te veel moed verg! Grafte is ook gevandaliseer en rommel het oral rondgelê.

Mevrou Kisting was teenwoordig by 'n Droomvergadering en het ons genader met 'n versoek om die begrafplaas se gras te laat sny en behoorlik skoon te maak sodat die area nie net vry sal wees van rommel nie, maar ook gevaarlike glasstukke. Mnr en Mev Kisting het onderneem om dan in samewerking met Mnr Hilton Bailey en leerlinge van van St Alban Laerskool, gereelde skoonmaak aksies uit te voer sodat die area so netjies moontlik kan bly.

Ons het vir Albert van den Berg by Drakenstein Munisipaliteit genader. Albert het gereël dat die gras geny word en ook dat die area behoorlik opgeruim word.

Mnr en Mev Kisting en 'n groepie leerlinge van St Alban is nou elke tweede Vrydag op hulle pos – soms in erge hitte! – en word die begrafplaas deeglik opgeruim. Hierdie is nou 'n deurlopende projek. Kyk gerus uit vir hulle en dra 'n koue koeldrankie of roomys aan!

Mev Kisting het ook die graf van haar Vader opgespoor en besluit om daar 'n boom te plant. Nog inwoners wil haar voorbeeld volg.

Baie dankie aan :
Thomas Pedro
Jonathan Jonkers
Ashley Vaughan
Mark Jacobs
William Petersen
Deeno Titus
Monwayne Heyns
Bradley Moses
Keenen Abrahams
Aldrin Samson
Francois Deslin
Gihaina Carelse
Tairique Minnaar
Zandre Phillips
Macmethon Korabie
Bevin Oliphant
Mac Neil Abrahams
Andrei Peterse
Antonio van Rooy

Mnr en Mev Kisting, baie dankie dat u eienaarskap geneem het van hierdie projek. U maak 'n verskil in ons dorp. Dankie ook vir die boodskap wat u oordra aan ons jeug.

****

Merle se parkie het intussen, danksy Sakkie en sy manne, 'n bankie en 'n vullisdrom bygekry. Wat eers net 'n kaal stuk grond met vernielde speelrame was lyk al hoe meer na 'n heerlike speel en ontspan area.

****

Onthou die Lions wat elke tweede Saterdag die ingange na die dorp skoonmaak met hulp van korrektiewe dienste en die munisipaliteit? Die projek gaan ook voort. Chris benodig elke tweede Saterdag iets te ete vir die werkers, ‘n toebroodjie en ‘n koeldrank. Indien u kans sien om een Saterdag hiermee behulpsaam te wees, kontak asseblief vir Chris Booysen by booysenfam@mweb.co.za of 083 455 5433.

****

Coretha Odendal, eienaar van LaRochelle gastehuis, het verlede jaar die inisiatief geneem om ‘n paar Wellingtonners te kontak om moontlike feesvieringe rondom ons stasie se 150ste verjaarsdag te beplan. Sommer gou het die gedagtes gesneeubal, soveel so dat daar ‘n feesorganiseerder aangestel is om sake te bestuur! Daar sal deurlopend die jaar feesgevier word met die stasie as tema. Die pragtige ATKV vlae wapper reeds en een van die eerste projekte was om die stasiebrug te laat skoonspuit.

Voor

Na – Splinternuut!

Sterke aan elkeen betrokke by die groot beplanning.

Droomgroete tot volgende keer,

Linda lindamul@telkomsa.net
Mattie stay@wellington-accommodation.com
Anthea anthea@ibits.co.za